Inhoudsopgawe

Inleiding 11

DEEL 1
God onder my mikroskoop – of nie?
Vrae oor glo, weet en wetenskap

1. Hoe kan 'n mens weet dat God bestaan? 15
2. Is daar enige bewyse vir God se bestaan? 16
3. Hoe kan 'n mens iets van God beleef? 17
4. Hoe kan 'n mens iets glo wat jy nie kan bewys nie? 18
5. Is die wetenskap teen geloof? 20
6. Hoe kan 'n mens weet dat die Christelike geloof reg is? 21
7. Is dit dan net Christene wat reg is? 22
8. Wat as 'n mens in jou geloof begin twyfel? 24

DEEL 2
Die Bybel: mites, wonders of waarheid?
Vrae oor die Woord en wonders

9. Kan 'n mens die Bybel glo? Is dit nie verkeerd bewys nie? 29
10. Is al die Bybelse "feite" dan verkeerd? 30
11. Hoekom verskil mense so erg oor die Bybel? 31
12. Het daar regtig wonders gebeur in die Bybelse tyd? 33
13. Het Christus regtig opgestaan uit die dood? 34
14. Gebeur daar vandag ook nog wonders? 36
15. Is daar hedendaagse voorbeelde van wonders? 37

DEEL 3
Wie is God en waar kom Hy vandaan?
Vrae oor die God van die Bybel

16. Wie het God gemaak? Hoe het Hy ontstaan? 41
17. Hoekom praat ons van God as die Drie-eenheid? 42
18. Ons praat van God as "Hy". Is God 'n man? 43
19. Hoe is God – streng of eerder liefdevol? 45

DEEL 4
Skepping: groot knal of knoeiery?
Vrae oor die skepping en evolusie

20. Wie is nou reg oor die skepping: Die Bybel of die wetenskap? 49
21. Kan 'n mens dan nie bewys dat Genesis letterlik waar is nie? 50
22. Is evolusie nie maar 'n komplot om God uit die prentjie te werk nie? 52
23. Waar kom God dan in die prentjie by die skepping? 53

DEEL 5
Hoe laat 'n goeie God slegte dinge gebeur?
Vrae oor sonde en lyding

24. Veroorsaak God aardbewings en tsunami's om mense te straf? 57
25. Waarom gebeur daar soveel slegte dinge in die wêreld? 58
26. Waarom is God so begaan oor die sonde? Hoekom is dit so erg? 59
27. Wat is sonde eintlik? Vir sommige mense is sommer álles sonde … 61
28. Slegte dinge gebeur soms met baie goeie mense. Is dit reg? 62

29. Is dit die aanval van die duiwel wanneer slegte dinge gebeur? 63
30. Waar is God as slegte dinge gebeur? 65
31. Kan ons God bly vertrou as Hy ons dan nie in alles beskerm nie? 66

DEEL 6
Is daar engele en duiwels hier rondom my?
Vrae oor die bonatuurlike wêreld

32. Hoe moet ons die Satan verstaan? Is daar so iemand? 69
33. Is daar werklik bose geeste? Wat doen hulle? 70
34. Ek vind okkulte dinge interessant. Is dit verkeerd? 72
35. Wat moet my houding teenoor die Bose wees? 73
36. Is daar werklik engele? Wat doen hulle? 75
37. Hoe moet 'n mens teenoor engele optree? 76

DEEL 7
Hemel toe of hel toe – wie en wat?
Vrae oor redding en die ewigheid

38. Waarom sê die Bybel dat mense "verlore" is? 81
39. Wat beteken dit eintlik om "gered" te wees? 82
40. Waarom word almal nie gered nie? Het God net sekeres "uitverkies"? 83
41. Sommige kerke beklemtoon geloof en ander bekering. Hoe nou? 85
42. Hoe kom 'n mens tot bekering? 86
43. Waarom moes daar deur die kruis met die sonde afgereken word? 88
44. Wat word van mense wat sterf sonder dat hulle van Christus gehoor het? 90
45. Is daar 'n hel? Hoe moet ons dit verstaan? 91
46. Wat gebeur met mense ná hul dood? 93

47. Wat gaan gebeur aan die einde van die tyd? 94
48. Hoe moet ons die hemel verstaan? Waar is dit? 96
49. Wat beteken "vir ewig"? 97

DEEL 8

Ek het vrae oor my Christenskap – jy ook?

Vrae oor 'n verhouding met God

50. Kan 'n mens ooit seker wees dat jy gered is? 101
51. Hoe weet ek dat ek eendag nie weer my geloof sal opgee nie? 102
52. Hoe groei 'n mens geestelik? 104
53. Ek weet nie presies hoe om te bid nie. Is daar hulp? 105
54. Niks gebeur as ek bid nie. Bid ek verkeerd? 107
55. Bybellees is vir my baie vervelig. Hoe kan ek dit beter doen? 108
56. Hoe kan ek God se boodskap vir my aflei uit die Woord? 110
57. Hoe weet ek dis God wat met my praat? 112
58. Moet ek kerk toe gaan? 113
59. Waarom is kerk so outyds en vervelig? 115
60. Hoe beleef ek die Heilige Gees? 116
61. Wat is die "spreek in tale" waarvan ek hoor? 118
62. Hoe hanteer ek sondes en versoekings in my lewe? 119
63. Hoe leef ek as 'n getuie van Christus? 121
64. Hoe hanteer ek my ouers wat ver van God af is? 122

DEEL 9

Wat maak 'n mens met hierdie Christene?

Vrae oor probleme met sommige Christene

65. Hoe tree ek op teenoor Christene van ander kerke? En kultusse? 127
66. Waarom is daar soveel skynheilige Christene? 129

67. Waarom is Christene soms so veroordelend en krities? 130
68. Hoekom is dit Christen-jongmense wat my teleurstel? 132
69. Wat van prominente Christen-leiers wat 'n mens teleurstel? 133
70. Kan gay mense ook Christene wees? 134

DEEL 10

En dan het ek nóg 'n klomp vrae!

Vrae oor taai toffies en ander moeilike temas

71. Wat is Christene se houding teenoor die aarde? 139
72. Wat is Christene se houding teenoor armoede en rassisme? 140
73. Wat is Christene se houding teenoor die regering? 141
74. Hoe moet ek boelies hanteer – moet ek die ander wang draai? 143
75. Is dit so verkeerd om te rook en drink? 145
76. Is dit so verkeerd om 'n tatoeëring te kry? 146
77. Is dit so verkeerd om seks voor die huwelik te hê? 148
78. Wat sê die Bybel van masturbasie? 150
79. Hoe kan ek 'n goeie verhouding bou met 'n ou of meisie? 151
80. Dit voel of almal beter is as ek. Hoekom voel ek soos 'n mislukking? 153
81. Wat is die doel van my lewe? 154
82. Hoe kan ek werklik gelukkig wees? 155

Slot 159

Inleiding

Ons is almal soekers; ons soek na die waarheid, na God, na antwoorde …

Anders as wat 'n mens dalk dink, is daar nie standaard-antwoorde op die moeilike vrae van die lewe nie, ook nie by die antwoorde van die kerk nie. Die antwoorde van die verlede bevredig ons dikwels nie meer nie, want dit is geformuleer in ander kontekste, in ander tye, met ander denke en woorde. **Ons moet elke keer weer ons eie antwoorde uit die Woord vind – vir óns generasie en óns omstandighede.** En telkens klink dit 'n bietjie anders, maar telkens is dit ook weer dieselfde eeue-oue waarheid!

Hierdie boek is geskryf aan jongmense, jong volwassenes en jong Christene wat soek na antwoorde.

Dis geskryf deur iemand wat 'n mede-soeker is – nie iemand wat kwansuis al die antwoorde het nie! Dis nie finale antwoorde nie; dis meer 'n saamgesels, 'n inleiding tot 'n gesprek wat jy self verder kan voer met ander Christene, met die Here, met die Woord. Van hierdie temas is so diep dat ons nie sommer by 'n maklike antwoord kan kom nie – sommige goed is God se geheime en soms moet 'n mens net eenvoudig stom voor die misterie daarvan bly staan. Nogtans is daar hopelik altyd genoeg van 'n antwoord om mee te werk – of te begin dink!

Ons uitgangspunte is die volgende:

- **Ons is Christene**, kinders van die Here, Bybel-gelowiges in hierdie wonderlike tyd waarin ons leef. Ons is oop na die evangeliese en gereformeerde tradisie waaruit ons kom (maar nie vasgevang daarin nie, nè?) en ons is oop na die wêreld waarin ons leef – 'n vinnige, postmoderne, wetenskaplike en hoogs tegnologiese wêreld.

- **Ons werk vanuit die Woord** en wil getrou bly aan die Bybel se aard en bedoeling, maar dit ook werkbaar en prakties van toepassing maak op die lewe. By elke antwoord is 'n paar Skrifverse wat jy self kan naslaan, onderstreep en verder bedink.
- **Hierdie vrae is egte vrae** – dis vanuit verskeie bronne versamel vanaf regte, egte jongmense. Dis vrae wat regtig pla! Ons het dit net in temas saamgevat, mooi geformuleer en gesorg dat dit mooi vloei.
- **Ons styl is reguit, eerlik en openhartig**, want ons skryf aan 'n eerlike en reguit generasie – al is sommige van die temas moeilik, selfs kontroversieel. **Ons skryf net kortliks oor die vrae** – 'n paar paragrawe – al is dit temas waaroor daar reeds baie, baie boeke geskryf is. Ons doel is nie om teologie te skryf nie, maar om die mees pertinente geestelike vrae van jongmense en jong Christene eenvoudig, persoonlik en sinvol te probeer antwoord. Ons dek nie al die moontlike temas nie, want dis doodgewoon onmoontlik.

My gebed is dat hierdie boek jou nader aan die Here sal bring en sterker in jou geloof sal maak!

Jimi le Roux

DEEL 1

God onder my mikroskoop – of nie?

Vrae oor glo, weet en wetenskap

Hoe kan 'n mens weet dat God bestaan?

Al hoe meer mense vandag is ongelowig: hulle is dalk "ateïsties" (wat glo dat daar geen God is nie), of "agnosties" (wat glo dat 'n mens nie kan weet of daar 'n God is nie) of "skepties" (wat dinge eers wetenskaplik wil bewys en dit nie sommer wil glo nie).

Hoe kan ons dinge weet? Dis die vraag! Die maklikste manier om dinge te weet is as ons sintuie vir ons sê dat dit daar is: Ons twyfel byvoorbeeld nie aan die see en sand om ons wanneer ons op die strand lê nie! Ons kan immers die golwe hoor dreun, die sout water proe, die ander jongmense bekyk en die son op ons vel voel bak. Dis heerlik!

Ons kan egter nie vir God met ons sintuie waarneem of bestudeer soos ons die fisieke wêreld om ons kan sien of meet nie. Beteken dit Hy bestaan nie? **O nee, daar is meer realiteite as net die fisieke.** Dink aan dit wat ons emosioneel beleef: Bestaan dinge soos vrees, woede, jaloesie, ambisie, nuuskierigheid, liefde, hoop of geloof? Natuurlik bestaan dit – dis sulke dinge wat verhoudings skep of vernietig, wat tot groot ontdekkings lei, wat die koers van die hele geskiedenis kan verander.

Emosies is baie kragtige realiteite. Dink maar aan koning Hendrik VIII van Engeland wat van sy vrou wou skei (Catharina van Aragon) om met Anne Boleyn te trou, maar die pous het dit nie toegelaat nie. Toe laat die koning as hoof van die kerk die Anglikaanse Kerk wegbreek van die Katolieke Kerk – en toe trou hy met Anne. Later, toe hy met Jane Seymour wou trou, het hy Anne se kop laat afkap!

Dink dan aan begrippe soos *die siel, die wil, die self* – dit is dinge wat 'n mens nie direk kan meet of selfs beleef nie, en tog word hele vakgebiede soos die sielkunde daaraan gewy. God bestaan, alhoewel ons Hom nie sintuiglik kan sien of meet nie. **Soos die liefde bestaan, so bestaan God. Hy is 'n egte realiteit in miljoene mense se lewens** – daaroor kan niemand twyfel nie.

Onderstreep: Psalm 14:1-2; 53:2; 10:4.



Is daar enige bewyse vir God se bestaan?

As iets bestaan, moet daar tog 'n aanduiding daarvan wees – een of ander bewys. Kan 'n mens God dan glad nie bewys nie?

'n Mens moet duidelik sê dat **God nie bewys kan word op die wetenskaplike manier nie** – Hy kan nêrens vasgekeer word om Hom met 'n liniaal te meet of onder 'n mikroskoop in te pas nie. Dink net, as God so bestudeer sou kon word, sou Hy mos nie meer God wees nie. Hy sou 'n mens se studie-objek wees. Hy het die heelal, die fisika en die mense met hulle mikroskope gemaak – hoe sal Hy dan onder 'n mikroskoop kan inpas? **Ons glo dat God per definisie nie wetenskaplik bewysbaar is nie.** Natuurlik kan ateïste ook nie wetenskaplik bewys dat God **nie** bestaan nie – dis ewe onmoontlik.

In die verlede het mense allerhande "bewyse" aangevoer dat God bestaan, maar dis nie werklik wetenskaplike bewyse nie – dis dalk **meer aanduidings of tekens** wat na God toe wys:

- As ons na die wonder van die skepping kyk, getuig dit van 'n Skepper – die sogenaamde *kosmologiese bewys.*
- Ons sien mense het 'n innerlike behoefte na 'n God, of 'n aanvoeling dat daar 'n God moet wees – die sogenaamde *ontologiese bewys.*
- Mense tree vanself op met 'n sin vir reg en verkeerd, wat iewers vandaan moet kom – die sogenaamde *morele bewys*.

'n Ander manier om te kyk na die bestaan van dinge is **om te kyk wat die effek, of gevolg daarvan is**. Jy kan nie die wind of elektrone (sommer) sien nie, maar jy kan hulle effek waarneem en bestudeer. So kan 'n mens kyk na die effek wat God op die wêreld en op mense het. **Miljoene gelowiges ervaar dat God sin en rigting en troos in hulle lewe bring – anders sou hulle nie geglo het nie!** Al daardie mense kan getuig dat God 'n goeie rol in hulle lewe speel. Dalk moet ons dit die *ondervindelike bewys* noem.

Onderstreep: Psalm 34:9; 2 Petrus 1:16-18; 1 Johannes 1:1-3.

Hoe kan 'n mens iets van God beleef?

As ons God dan nie op wetenskaplike wyse kan beleef nie, hoe beleef ons God? Kan ons iets van God beleef?

Die mens kan God nie self vind, ken of verstaan nie, want die mens se verstand is te klein. Dis soos 'n mier wat vir Einstein

uitgepluis het. **Nee, God maak Hom aan ons bekend – Hy "openbaar" Homself.** Hy wys ons iets van Homself op die volgende maniere:

- Ons glo ons kan **God se wonderlikheid in die natuur raaksien**. Dit word genoem *die algemene openbaring*. Die manier hoe ons God in die natuur bemerk, is deur ons sintuie.
- Dan **het God Hom openbaar in sy Seun, Jesus Christus**. Jesus is soos God is – Hy is die "beeld van God". Dit word genoem *die besondere openbaring*. Ons leer meer oor Hom deur die Woord van God, die Bybel.
- Dan **openbaar God Hom in ons eie harte** – die *persoonlike openbaring*. Hy praat in ons harte deur die Heilige Gees.

Dis die drie terreine van God se openbaring en die maniere hoe ons iets van Hom kan leer ken. Alhoewel dit nie wetenskaplike bewyse vir God is nie, is dit vir gelowiges maniere om God te ken. Ons ervaring is dat as ons God eers leer ken het, ons meer en meer van Hom wil leer ken!

Onderstreep: Psalm 8:1-10; 19:1-15; Johannes 16:13; Romeine 1:20; Kolossense 1:15-16; Hebreërs 1:1-3; Openbaring 5:13.



Hoe kan 'n mens iets glo wat jy nie kan bewys nie?

Is dit nie 'n bietjie baie gevra dat mense sommer moet glo in iets waarvoor daar geen bewyse bestaan nie? Ons leef immers in die wetenskaplike era en werk met data, feite en inligting!

Nee, dis heel moontlik! **Almal leef elke dag met baie geloof – trouens, ons waag elke dag ons lewe met ons geloof!**

Ons ry byvoorbeeld aan ons kant van die pad in die geloof dat die aankomende vragmotor in sy baan gaan hou as hy teen 100 km/h net 'n meter van ons af verbyjaag – dis groot geloof! So glo ons dat 'n stoel ons gewig gaan dra as ons daarop gaan sit, dat die hyser se deure weer sal oopgaan as ons daar inklim, dat 'n outomatiese glasdeur sal oopskuif as ons net daarop afloop …

'n Mens kan nie eintlik sonder geloof leef nie – jy **moet eenvoudig sekere aannames maak en daarvolgens leef**. Jy kan nie elke stoel eers aan 'n strestoets onderwerp, of die versekering van elke vragmotorbestuurder kry dat hy jou nie gaan doodry as hy verbykom nie! Dis wel **waar dat ons ervaring ons 'n sekere geloof gee**. Aangesien verkeer in die reël in hulle bane hou, en stoele oor die algemeen jou gewig dra, en outomatiese glasdeure gewoonlik oopskuif as jy nader kom, glo ons dit sal weer gebeur – *en loop ons soms reguit in 'n glasdeur vas!*

Met geloof in God is dit ook so. Dalk klink dit vir jou snaaks, maar **wat God betref, kom geloof eerste – dis nie 'n kwessie van "sien is glo" nie, maar "glo is sien"**. Die Bybel sê uitdruklik dat ons God net kan ken as ons glo. Net dié wat in Hom glo, leer Hom ken. Daar is ook 'n wisselwerking tussen aanname en ervaring – hoe meer ons glo, hoe meer ken ons Hom, en dan glo ons ook meer. Geloof is 'n waagstuk, 'n tree in die donker. Dit sê: *Here, ek is nie seker oor U nie, maar ek reik uit na U*. **Geloof begin die pad van God stap sonder dat dit weet waar dit gaan eindig. Dan bevestig die pad self, die verhouding met God, dat Hy daar is!**

Onderstreep: Hebreërs 11:1, 6 (lees die hele Heb 11); 2 Korintiërs 4:18; 1 Petrus 1:8.



Is die wetenskap teen geloof?

Soms kry 'n mens die indruk dat die geloof en wetenskap teenstrydig is – gelowiges is soms sinies oor wetenskaplikes se "teorieë", terwyl wetenskaplike programme weer daarop sinspeel dat geloof maar op onkunde gebaseer is.

Dis nie eintlik waar nie. **Die wetenskap is besig om die waarheid te ontdek deur middel van bewyse.** Die "wetenskaplike metode" is om hipoteses (aannames) te toets deur meting en eksperimente en geldige gevolgtrekkings te maak uit die bewyse wat ingesamel word. Dan kan die hipotese aanvaar of verwerp word. So word gebou aan 'n wetenskaplike teorie wat die werklikheid om ons kan verklaar en voorspel. Dis 'n wonderlike avontuur waarmee die wetenskap besig is!

Die wetenskap kan egter nie oor alles gevolgtrekkings maak nie, want nie alles kan op dié wyse gemeet of voorspel word nie. Hoe kan die wetenskap bepaal of Breytenbach se gedigte "goed" of Pierneef se skilderye "mooi" is, of verklaar waarom 'n leë straat jou laat verlang na plekke waarvan jy nie eers weet nie? Die wetenskap werk met die objektiewe wêreld en met sy wetenskaplike metode.

Geloof weer, is wat gebeur as daar geen bewyse is nie. Dit aanvaar dit bloot solank, dit vertrou dat dit so is. As iets sigbaar of bewysbaar is, hoef dit mos nie geglo te word nie! Geloof in God leer mense hoe om reg te leef – met liefde, vergifnis, regverdigheid, ensovoorts. Dit wys ons waar ons inpas en wat die doel van die lewe is. 'n Mens kan nie eintlik sê die wetenskap leer ons "die sin van die lewe" nie. God val buite die objektiewe

of "empiriese" (wetenskaplik meetbare) werklikheid.

Die geloof en wetenskap werk eintlik elkeen op sy eie terrein, en elkeen is besig om die waarheid te ontdek. Die een het eintlik die ander nodig. Die wetenskap kan wel verkeerde afleidings maak – soos daar nuwe ontdekkings kom, verander die prentjie dikwels. 'n Mens hoef dus nie elke wetenskaplike gevolgtrekking dadelik te aanvaar nie. Ook die geloof kan foute maak in hoe hulle mense leer; daarom moet gelowiges ook heeltyd oor hulle geloof praat.

Onderstreep: Romeine 8:24-25; 2 Korintiërs 4:18; Hebreërs 11:1, 7-8.



Hoe kan 'n mens weet dat die Christelike geloof reg is?

Daar is soveel gelowe in die wêreld – hoe weet ons dan dat die Christelike geloof die regte een is? Kan 'n mens dit dalk bewys of iets?

Ons het reeds gesê dat 'n mens nie die inhoud van geloof wetenskaplik kan beoordeel of "bewys" nie – dis immers 'n geloof, ons *glo* dit! Daar is egter wel redes waarom die **Christelike geloof ons persoonlike waarheid** is:

- Die Bybel vertel vir ons 'n unieke en wonderlike waarheid: Eerstens vertel dit van die mens se poging om God te bereik (Ou Testament), en dan weer van God se uitreik na die mens (Nuwe Testament). Wat veral interessant is, is **hoe presies die**

Ou Testament se profesieë oor die koms van die Messias waar geword het in Christus – omtrent 30 presiese voorspellings!

- Christus self staan natuurlik vir ons sentraal. **Iets besonders het beslis gebeur 2 000 jaar gelede, want die hele geskiedenis het verander!** Volgens baie getuies het Jesus Christus wonderwerke gedoen, 'n ingrypende boodskap gebring, aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan. Sy volgelinge is so diep geraak deur hierdie dinge dat hulle letterlik doodgemaak is omdat hulle hierdie boodskap verkondig het. 'n Fiktiewe storie kan nie so 'n groot effek hê nie.
- Laastens is daar **die ervaring van miljoene Christene** – verlede én hede – wat Christus gevolg het omdat dit hulle lewe ingrypend geraak het. Mense is steeds bereid om vir hulle geloof te sterf in lande waar Christenskap onderdruk word. Dit beteken tog werklik iets.

Om hierdie redes is ons nie skaam om Christene te wees nie. Weer sê ons: Die enigste werklike "bewys" dat die Christelike geloof reg is, kom uit die hart. Ons weet dit, want ons het dit ervaar!

Onderstreep: Lukas 1:1-4; Handelinge 10:39-41; Hebreërs 11:6.

Is dit dan net Christene wat reg is?

Beteken dit dat net óns reg is? Is dit darem nie vreeslik arrogant nie?

Ons moet onthou dat **alle gelowe mooi waarhede bevat**, waaruit 'n mens baie kan leer. Ons moet altyd met groot respek omgaan met ander se oortuigings, want ons verwag mos dieselfde! Christus se opdrag is ook om alle mense lief te hê: ook dié wat van ons verskil – selfs ons vyande! As ons dan van ander gelowe verskil, is dit in groot liefde. **Dit help nie jy is dan nou so "reg", maar jy is arrogant en onbeskof nie – dan is jy skielik nie meer so reg nie!** 'n Mens skaam jou vir arrogante Christene … Christus was nie so nie.

Kom ons antwoord die vraag so: **Christenskap gaan oor Christus** en ons glo die Bybel wat sê:

- Christus was God se Seun; **dat God self in Christus na ons gekom het**.
- **Christus het aan die kruis gesterf namens almal.** Die Bybel beskryf dit as die volmaakte en finale offer. Ná die kruis bly daar geen straf vir die sonde oor nie – ons moet dit net in geloof aanvaar.
- **Christus het uit die dood opgestaan**, wat die bewys is dat Hy inderdaad van God was. Dit sê ook dat ons – as ons glo – die dood sal oorleef en vir ewig by God sal wees.

Dit **is wat die Christelike geloof uniek maak**. Christus is vir ons meer as net 'n groot profeet of wyse leraar. Ander gelowe fokus op wat mense moet doen om God tevrede te stel, maar ons glo dat die mens net eenvoudig nie self heilig kan word nie. Ons het Christus dus nodig. Christus het self gesê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie* (Joh 14:6).

So, Hý is die boodskap wat ons verkondig en ja, vir ons is dit die regte boodskap. Elke mens mag natuurlik vir sy persoonlike standpunte, oortuigings en geloof staan, anders staan hy vir niks. Net solank hy dit in liefde handhaaf teenoor ander.

Onderstreep: Matteus 1:23; Johannes 3:16; 14:6; Romeine 1:16; 2 Korintiërs 4:4; Efesiërs 4:15; Filippense 2:6-8.



Wat as 'n mens in jou geloof begin twyfel?

Soms glo ek so seker – dan wéét ek net dat God daar is en vir my omgee. Maar ander kere, as ek na sommige mense luister, of as slegte dinge gebeur, twyfel ek weer … en ek wil graag glo! Is ek 'n ongelowige?

Dalk klink dit vir jou verkeerd, maar twyfel is nie die teenoorgestelde van geloof nie. **Geloof is iets wat jy in jou hart aanvaar** as jou diep waarheid. Dit word een van jou waardes, waarop 'n mens jou keuses en doelwitte baseer. Let op dat ons gesê het geloof is veral 'n saak van die hart. **Twyfel is iets wat in die kop gebeur** as jy die beskikbare inligting opweeg en daaruit 'n gevolgtrekking oor God probeer maak.

Sien jy – die een gebeur in die hart, die ander in die kop! Meestal oorwin ons deurmekaar gedagtes nie die geloof wat in ons hart is nie. Dikwels is dit maar net wonder-oor-God-en-die-lewe. As ons egter vind dat daar in ons hart géén geloof (of begeerte na geloof) meer is nie, is ons seker nie meer 'n gelowige nie. Ongeloof is dus die teenoorgestelde van geloof, nie twyfel nie.

As jy twyfel, is dit goed om daaroor te praat – met jou leraar, jeugleier, ouers en natuurlik met die Here. Dit beledig Hom nie – Hy is baie groter as die twyfelgedagtes wat in sy klein mense

se koppe aangaan. Een man wat na Jesus gekom het, het dit die beste gesê: Ek glo, Here! Help my om te glo … (letterlik: "Kom my ongeloof te hulp").

Onderstreep: Markus 9:24; Lukas 17:5;
2 Tessalonisense 1:11; Hebreërs 12:2.